



LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS



2027 | Slowenië Bonus Avontuur

06 - 10 Julie 2027



leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za



Uit die pen van

Gerrie Pretorius

*Music was my first love
but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: “Leef Jou Reis” is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot ‘n toeris is nie maar ‘n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van ‘n reis familie.

Ons is die “cool kids” van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.





Slowenië Bonus Avontuur

06 - 10 Julie 2027

€1300 Per persoon wat deel*

Enkel persoon: Slegs beskikbaar op aanvraag*

Waarom net Kroasië beleef as jy die geleentheid het om Slowenië as 'n spesiale bonus by jou reis te voeg?

Begin jou avontuur saam met Leef Jou Reis in die elegante Slowenië, voordat ons voortreis na die kus van Kroasië. Hierdie reis is ontwerp vir 'n kleiner, meer intieme groep, wat sorg vir 'n outentieke reiservaring waar elke bestemming op 'n rustige pas geniet kan word.

Hoogtepunte

Sloweense Smaak: Geniet 'n proe-ervaring van tradisionele Sloweense geregte en plaaslike lekkernye en wyn.

Bledmeer: Beleef een van Slowenië se mooiste natuurbesienwaardighede omring deur die Juliese Alpe.

Bled-kasteel: Besoek Slowenië se oudste kasteel, wat reeds meer as 'n duisend jaar hoog bo die Bledmeer uittoon.

Predjama-kasteel: Verken die wêreld se grootste grot-kasteel, dramaties ingebou in 'n 123 meter hoë krans.

Postojna-grotte: Reis met die ikoniese ondergrondse treintjie deur Europa se grootste grotstelsel.

Tradisionele Middage by 'n Plaaslike Familie: Geniet 'n egte Sloweense middage in die huis van 'n plaaslike familie, waar gasvryheid, tradisionele geregte en persoonlike stories jou 'n unieke kykie gee in die land se kultuur en leefwyse.





Slowenië Bonus Avontuur

06 - 10 Julie 2027

€1300 Per persoon wat deel*

Enkel persoon: Slegs beskikbaar op aanvraag*

DAG 1: Dinsdag, 6 Julie 2027

Johannesburg - Ljubljana

En so begin die avontuur! Ons ontmoet by die OR Tambo Internasionale Lughawe, paspoorte in die hand en opwinding in die lug. Met afwagting vir die reis wat voorlê, klim ons aan boord en neem ons oornagvlug na Ljubljana.

(Alle etes aan boord)

DAG 2: Woensdag, 7 Julie 2027

Welkom in Ljubljana

Welkom in Slowenië, een van Europa se groenste en mees verrassende bestemmings. Alhoewel die land klein is, spog dit met asemrowende natuurskoon, middeleeuse dorpe en 'n ryk geskiedenis.

Na ons vroeë aankoms in Ljubljana, begin ons reis op 'n rustige noot. Indien tyd dit toelaat, stop ons eers vir 'n heerlike koppie koffie en 'n tradisionele Sloweense gebak – die perfekte geleentheid om jou eerste indrukke van hierdie vriendelike land in te neem.

Daarna ontdek ons Ljubljana tydens 'n begeleide stadstoer. Die stad se geskiedenis strek terug na die Romeinse nedersetting Emona, wat byna 2 000 jaar gelede hier ontstaan het. Vandag word Ljubljana gereken as een van Europa se mees leefbare hoofstede.

Ons dwaal deur die ou stad, steek die ikoniese Driedubbele Brug (Triple Bridge) oor en bewonder die kleurvolle Barok- en Art Nouveau-geboue. Gedurende ons toer geniet ons ook 'n proe-ervaring waar ons van Slowenië se plaaslike geure en wyn leer ken.

Na afloop van die toer meld ons by ons hotel aan. Die res van die middag en aand is vry om te ontspan of die stad verder te verken.

Etes: Ontbyt, Middagete.





Slowenië Bonus Avontuur

06 - 10 Julie 2027

€1300 Per persoon wat deel*

Enkel persoon: Slegs beskikbaar op aanvraag*

DAG 3: Donderdag, 8 Julie 2027

Bled - Slowenië se Sprokiesmeer

Na ontbyt vertrek ons na een van Slowenië se bekendste en mooiste bestemmings - Bled. Hierdie skilderagtige meer omring deur die Juliese Alpe lok reeds eeue lank besoekers van regoor die wêreld.

Ons besoek die Bled-kasteel, wat reeds meer as 1 000 jaar oor die meer uitkyk en die oudste kasteel in Slowenië is. Vanaf die kasteel geniet ons panoramiese uitsigte voordat ons die beroemde Bled-roomkoek (Kremna Rezina) proe - 'n plaaslike lekkerny wat wêreldbekend geword het. Daarna klim ons aan boord van 'n tradisionele Pletna-boot. Hierdie unieke bote is eie aan Bled en word reeds sedert die 16de eeu gebruik om besoekers na die ikoniese Bled-eiland te vervoer.

Op die eiland kan jy die historiese Kerk van die Hemelvaart van Maria besoek (opsioneel). Volgens plaaslike oorlewering bring dit geluk wanneer jy die bekende 99 trappe na die kerk uitklim en die wens klok lui.

Teen die middag keer ons terug na Ljubljana, waar die res van die dag vry is om hierdie pragtige hoofstad verder op jou eie te geniet.

Etes: Ontbyt, Bled-roomkoek





Slowenië Bonus Avontuur

06 - 10 Julie 2027

€1300 Per persoon wat deel*

Enkel persoon: Slegs beskikbaar op aanvraag*

DAG 4: Vrydag, 9 Julie 2027

Ondergrondse Wonders en Egte Sloweense Gasvryheid

Na 'n heerlike ontbyt by die hotel vertrek ons op nog 'n unieke uitstappie waar ons Slowenië verder gaan verken.

Ons eerste stop is die buitengewone Predjama-kasteel, waarskynlik een van die mees unieke kastele ter wêreld. Hierdie Middeleeuse vesting is meer as 800 jaar gelede gedeeltelik in die mond van 'n 123 meter hoë kransgrot gebou. Die kasteel is veral bekend vir die legende van die ridder Erasmus van Predjama, wat volgens oorlewering maande lank sy vyande vanuit die kasteel uitoorlê het deur 'n geheime tunnelstelsel.

Daarna besoek ons die Postojna-grotte, een van Europa se grootste en indrukwekkendste grotstelsels. Hierdie ondergrondse wonder strek oor meer as 24 kilometer en word sedert die vroeë 1800's deur besoekers bewonder. Ons ry met die ikoniese ondergrondse treintjie diep die grotte binne voordat ons te voet die kalksteenformasies, reuse sale en stalaktiete en stalagmiete ontdek. Maar die hoogtepunt van vandag, en vir baie reisigers selfs van die hele toer, wag nog op ons.

Ons word by 'n plaaslike Sloweense gesin verwelkom waar ons 'n tradisionele tuisgemaakte middagete geniet. Hier gaan dit nie net oor die heerlike kos nie, maar oor die warmte, gasvryheid en stories wat met ons gedeel word. Hierdie unieke ervaring bied 'n seldsame geleentheid om die ware hart van Slowenië te beleef en met plaaslike inwoners te kuier.

Teen die laat middag keer ons terug na Ljubljana vir ons laaste aand in hierdie besonderse land.

Etes: Ontbyt, Middagete.





Slowenië Bonus Avontuur

06 - 10 Julie 2027

€1300 Per persoon wat deel*

Enkel persoon: Slegs beskikbaar op aanvraag*

DAG 5: Saterdag, 10 Julie 2027

Hallo Kroasië

Na ontbyt neem ons afskeid van die pragtige Slowenië en vertrek per bus na Zagreb, die hoofstad van Kroasië. Hier wag ons vlug na Dubrovnik, waar die volgende hoofstuk van ons avontuur begin.

Met ons aankoms in Dubrovnik, aan die Adriatiese kus, word ons na die hawe vervoer. Hier gaan ons aan boord van ons boot en begin ons onvergeetlike Kroasië-avontuur.

Etes: Ontbyt



Pakket Sluit In:

- 3 Nagte hotelverblyf in Ljubljana met ontbyt
- Lughawevervoer
- Koffie en ligte ontbyt in Ljubljana
- Stap-toer en proe-ervaring in Ljubljana
- Toer na Bledmeer met 'n gids
- Bootvaart na Bled-eiland op 'n tradisionele Pletna-boot
- Ingang na die Bled-kasteel
- Koffie en Bled-roomkoek
- Ingang na Predjama-kasteel
- Ingang na Postojna-grotte
- Middagete by 'n plaaslike Sloweense-gesin
- Vervoer na Zagreb
- Vlug van Zagreb na Dubrovnik
- Alle fooitjies
- Leef Jou Reis-toerleier

Pakket Sluit Uit:

- Vlugte na Ljubljana
- Opsionele uitstappies
- Etes en drankies, tensy gespesifiseer
- Reisversekering
- Visumaansoek





Slowenië Bonus Avontuur


06 - 10 Julie 2027

€1300 Per persoon wat deel*

Enkel persoon: Slegs beskikbaar op aanvraag*

Dinge Om te Onthou

- 'n Visum is verpligtend en op eie koste. Ons sal jou egter tydens die aansoekproses bystaan en alle nodige dokumentasie verskaf.
- Jy benodig 'n paspoort met twee skoon bladsye wat geldig is vir 6 maande ná terugkeer.
- 'n Leef Jou Reis-spanlid sal deurentyd beskikbaar wees om met alle vrae en inligting te help.
- Opsionele ekstras word aangebied met behulp van die Leef Jou Reis span, maar toerlede is vry om te kom en gaan soos hulle wil.
- Jy is in goeie hande en kan eenvoudig agteroor sit en die reis geniet, maar ook jou eie pas bepaal.
- Om die besienswaardighede op hierdie toer ten volle te kan geniet, moet jy relatief fiks en in staat wees om gemaklik sowat 5 kilometer deur die dag te stap.
- Kom met 'n oop gemoed en maak nuwe vriende.
- Ongeveer 'n week voor ons vertrek, skep ons 'n WhatsApp-groep om inligting deur te gee. Dit is jou kommunikasiekanaal met Leef Jou Reis. Maak asseblief seker dat jy al die korrekte selfoonnommers op jou besprekingsvorm verskaf om by die groep ingesluit te word. Tydens en ná die toer sal ons ook foto's en video's hier deel.
- Neem asseblief ook kennis dat hierdie reisprogram dien slegs as 'n gids en kan om operasionele aangepas word.





Slowenië Bonus Avontuur

06 - 10 Julie 2027

€1300 Per persoon wat deel*

Enkel persoon: Slegs beskikbaar op aanvraag*

Wat Nou...?

Stappe om jou plek op die Slowenië bonus-avontuur te verseker:

STAP 1

As jy by ons wil aansluit op hierdie opwindende toer, stuur jou e-posadres en selfoonnommer na leefjoureis@twf.co.za. Ons stuur dan die besprekingsvorm wat jy moet invul en terugstuur, saam met 'n afskrif van jou ID / paspoort en die bewys van betaling van die deposito.

STAP 2

Hierdie reisplan is redelik volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of WhatsApp 082 923 3626.

STAP 3

Raak opgewonde en sien uit na die mees ongelooflike vakansie van jou lewe!

Deposito

- Die eerste deposito van R5 000 is nie terugbetaalbaar nie. Jou deposito word oorbetal aan ons verskaffers.
- Die balans is teen 01 Maart 2027 betaalbaar.
- Die wisselkoers vir die toerprys is gebaseer op 1Euro = R22, sodat ons alle kostes en wisselkoers verskille tydens betalings na die buiteland kan dek. Dit word bepaal op die bedrag en die datum wat ons ons verskaffers betaal. Pryse is gebaseer op elektroniese betalings.

Neem asseblief kennis dat hierdie Leef Jou Reis-toer begelei word deur 'n uiters bekwame en kundige span. Daar is te alle tye 'n Leef Jou Reis-spanlid wat gereed staan om enige bystand te verleen. Vanweë Leef Jou Reis se volgepakte jaarprogram, is dit helaas nie moontlik vir Gerrie om persoonlik by alle toere teenwoordig te wees nie. Hoewel sy teenwoordigheid dus nie gewaarborg kan word nie, kan jou gerief en genot wel deur ons geesdriftige toerleiers gewaarborg word!

Bankbesonderhede & Prys

Rekening Naam	:	LeefJouReis TWF
Bank	:	Standard Bank
Takkode	:	051001
Rekeningnommer	:	012324523

Deposito verwysingsnommer: SLOW27 + NAAM & VAN

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysingsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za

€1300 Per persoon wat deel* | Enkel persoon: Slegs beskikbaar op aanvraag*



LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:

Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za

BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

 Leef jou Reis Vriende  @GerrieOfficial  @Gerriepret

 Leef jou Reis met Gerrie Pretorius

Managed by **Travel With Flair**

At your service!

Site


www.twf.travel | 0861 777 747



 **TWF**
INCENTIVES, MEETINGS & EVENTS (Pty) Ltd